

Tema: Is ons regtig nie beter as ander mense nie?

Romeine 3:9-24

As daar een Skrifdeel is wat die “speelveld” vir alle mense gelyk maak, dan is dit hierdie een met al die aanhalings uit die Psalms. Is die epidemie van Sonde regtig so erg dat letterlik alle mense daaraan ly? Ja, beslis. Ons sê dit, nie omdat ons dit noodwendig altyd in mense se manier van lewe sien nie, maar omdat die Woord van God dit vir ons leer.

*“Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard.” (Rom. 3:12a – ’53-vert)
“...want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God...” (Rom. 3:23 – ’53-vert)*

Hoekom is ons dan geneig om te dink dat ons beter as ander mense is?

Ons dink te vlak oor sonde

Wanneer ons oor sonde praat maak ons die fout om te dink sonde gaan net oor dinge wat ek verkeerd doen of nalaat om te doen. Dis egter maar net die simptome van die werklike siekte. **Sonde begin nie by wat ons doen nie, maar by WAT ONS IS.**

Die Skrif sê: “...almal het ontaard.” Dis God se diagnose van ons diepste menswees. Ons is soos melk wat vrot geword het. Nutteloos, onbruikbaar vir dit waarvoor God ons geskape het. Jy kan hoé ’n voorbeeldige lewe lei en nie ’n enkele vloekwoord gebruik nie, maar dit gaan nog nie bewys dat jou “ontaarding” genees is nie. Jy het dalk maar net geleer om die “simptome” van Sonde weg te steek.

Ons weet te min van God

Wat dink ek as ek lees dat dit ons “ontbreek aan die heerlijkheid van God...?”

Is ons dan veronderstel om in God se heerlijkheid te deel?

Of wil God dalk sy heerlijkheid met óns deel?

Wat beteken die uitdrukking in elk geval?

Hou dit dalk verband met wat Jesus gebid het: “*Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.*” (Joh. 17:1b)?

Hoe is dit moontlik dat God óns kan verheerlik, sodat ons Hóm kan verheerlik? En in tussen is ons so ontaard dat ons nie eers onself kan verheerlik nie!

God alleen het én gee die antwoord

Kom ons kyk eers wat die antwoord nié is nie. Dit is nie 'n stel reëls of program van aksie of godsdienstige voorskrifte wat nagekom moet word nie. Dit het die Woord al reeds gesê: Geen wet kan jou red nie.

Wat dan? Nie “wat dan?” nie, maar “**Wie dan?!**” “...*die verlossing deur Jesus Christus.*”(Rom. 3:24b) In die uiteensetting van die regte leer word Jesus nou hier die eerste keer by sy Naam genoem. Dis soos 'n aangename verrassing wat vir laaste gehou is. Tot dusver is nog net gepraat van “*elkeen wat glo*” (Rom. 1:16) Nou raak die evangelie meer spesifiek: **Dis vir elkeen wat in Jesus Christus glo.**

Wie in Hóm glo ervaar die volgende: **Hý genees my van my ontaarding en Hý laat my deel in die heerlikheid van God deur die inwoning van sy Woord en Gees.**

Wie in Hóm glo, word gered.

Toerusting

Hoe kan ek as gelowige die evangelie met ander deel?

1. Woord eers self 'n leerling (dissipel) van Jesus.
2. Glo die Woord oor die Sonde-nood van elke mens.
3. Vertel dit eerlik en reguit vir mense.
4. Moenie die Naam van God se Redder vir jouself hou nie.